

Saterdag 11 Desember

Skrifgedeelte: Openbaring 14

Fokusgedeelte: Openbaring
14:7, 8

Hoor weer die troos van die Here vir ons!

Die koms en die oordeel van die Here word aangekondig. Deur drie engele, maar deur elkeen op sy eie manier. Die eerste engel kondig die oordeel van die Here aan deur 'n ewige evangelie aan die mense te verkondig. Hy vertel nie van wraak en gerig en bloed nie – hy kom stel die saak aanloklik en begeerlik. Dis 'n evangelieboodskap met ewige waarde. Die mense word aangespoor tot aanbidding! Dis 'n evangelie wat met ewige seën verbind word: *Vrees God en gee Hom heerlijkheid, want die uur van sy oordeel het gekom.*

In hierdie woorde van die engel is reeds die belofte vervat dat daar 'n ewige lewe is vir die wat aan God die regte vrees gegee het. Die wat as getroue aanhangers van God bevind word as die Here kom. Die Here ken eers liefde voordat Hy toorn ken. Ons word eers tot geloof en trou aangespoor voordat ons verdelg word omdat ons nie wou hoor nie! Ons word aangespoor om ons te onderwerp aan die Woord en die diens van die Here.

Waarom sou die eerste engel nou met so 'n boodskap deur die lug vlieg? Is dit dan nie dinge wat ons almal weet nie! Ja, dis seker so, maar die engel moet dit juis doen, omdat die laaste tyd die karakter sal dra dat die grootste deel van die mense die Here se bestaan sal ontken. Omdat die tyd gekenmerk sal word deur die feit dat daar 'n diep godsdienstige verval onder die mense sal wees. Vrees vir God sal meteens verdwyn het.

Hierdie engel is 'n voorloper of boodskapper wat die wêreld en sy mense vir laas tot bekering roep, want hulle moet God ontvang! Hy is op pad!

Sing: Skrifberyming 11-1:1

Dr. MJ du Plessis (Thinus) (Emeritus)